Pastorie of nie? Die invloed van gemeentebehuising op die aftredevooruitsigte van die NGK-predikant[1]

Liezel Alsemgeest

Liezel Alsemgeest, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Daar heers ’n wêreldwye aftredekrisis, waarvan predikante van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk deel vorm. Ongeveer 57% van die huidige predikantekorps in Suid-Afrika en Namibië sal binne die volgende 15 jaar moet aftree. Predikante word as irrasionele arbeidsmarkdeelnemers geag, as gevolg van hul roeping in die bediening, en daarom tree hul nie altyd dieselfde as ander professionele mense op nie. Een van die vernaamste voordele wat aan predikante verskaf word, is die gratis behuising (pastorie) waarin hulle kan woon. Die doel van hierdie artikel is om die invloed van die verskaffing van behuising aan predikante op hul aftreebeplanning te bespreek. Die data vir die studie is verkry deur kwantitatiewe vraelyste aan al die predikante in Suid-Afrika en Namibië wat binne die volgende vyf jaar gaan aftree, te versprei. ’n Responskoers van ongeveer 48% van die altesaam 309 vraelyste is terug ontvang. Die resultate het aangedui dat ’n groot aantal van die respondente nie *genoeg* gespaar het vir aftrede nie en sal moet aanhou werk vir oorlewing, nie *vroeg genoeg* begin spaar het vir aftrede nie, en nie van ’n betroubare finansiële adviseur gebruik maak nie. Ten spyte van die bogenoemde negatiewe faktore dui hul aan dat hul baie lae vlakke van finansiële stres ervaar. Dit is ook bewys dat dié wat steeds in ’n pastorie woon en nie in hul eie woning nie, meer geneig is om minder finansiële stres te ervaar, nie te beplan vir hul aftredebehuising nie en ook nie genoeg gespaar het vir aftrede nie. Hier word aanbeveel dat daar voorsien word in die dringende behoefte aan finansiële insig, asook aan bewusmaking en moontlike opleiding in finansiële kwessies wat ’n invloed kan hê op die aftrede van predikante.

Trefwoorde: aftrede; behuising; finansies; Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); predikante

Abstract

Living in the rectory: The influence of church-provided housing on the retirement prospects of the Dutch Reformed Church minister

There exists a worldwide retirement crisis, especially with the aging of the so-called baby boomers (born between the 1940s and 1960s). People are healthier and live longer and that means that more provision for retirement needs to be made. This retirement crisis originates because the overwhelming majority of people do not save enough for their retirement and are consequently dependent on the government. The Dutch Reformed Church does not escape the crisis. Approximately 57% of the current clergy corps in South Africa and Namibia will have to retire within the next 15 years.

Only 6% of South Africans can retire comfortably and maintain the same living standard as before retirement. Apart from the very low saving rate, debt also plays a vital role in low retirement savings. The ideal for a successful retirement is that all debt should be paid up by retirement. This is, however, not possible for a lot of people, and it influences their retirement funding negatively.

Apart from the general concern with regard to retirement, there are several factors which are unique to the situation of the minister, like the possible loss of identity and status, the shift from the pulpit to the pew and the concept that the ministry is not only a job, but a calling. Another important aspect to take into consideration is that ministers need to scale down to a smaller property and often need to move out of the rectory after retirement.

The relationship between ministers and money can be complex. The Bible focuses largely on the negative aspects of money, like "No one can serve two masters" (Luke 16:13) or "the deceitfulness of wealth" (Mark 4:19). Such negative connotations in the Bible can lead to ministers' not being very focused on money and this can have an impact on the attitude of the minister and the management of his personal finances.

In economic terms, ministers can be seen as irrational labour market participants. The reason for this is that as a result of their calling and faith, ministers can behave differently from professionals in other professions. Other professionals may be more interested in factors such as job prospects, salaries and promotions, while it will not necessarily be the case with a minister who has a calling. One of the major benefits provided to ministers is the free housing (rectory) in which they can reside during their working years.

This article is written from a financial point of view, with the focus on the housing of the minister and the impact thereof on his retirement prospects. The purpose of the article is to investigate whether the provision of free housing (the rectory) has an influence on the minister's retirement planning. Due to the concern about the large number of ministers who will retire in the next few years and the impact it may have on the Dutch Reformed Church as a whole, it was requested that an investigation be made regarding these ministers. The study focused on their experience of their congregations, their own well-being, as well as their personal retirement finances. The study was originally commissioned by the General Synod of the Dutch Reformed Church in 2014. The assignment was directed to the General Synod Research Team of the General Synod, and the author was part of the team that compiled the

specific research instrument and collected the data. The study is thus based on primary research.

The data was obtained by using a quantitative research design in the form of an online questionnaire, and the questionnaire was sent to all ministers in South Africa and Namibia who will retire within the next five years. An electronic program (Evasys) was used to e-mail the questionnaires to the respondents. The questionnaire was part of a larger study that focused on the minister and his congregation and retirement. Approximately 48% of the total of 309 questionnaires were returned.

All respondents were within five years of retirement; all were white, Afrikaans-speaking men between the ages of 59 and 64. The vast majority of respondents (87,4%) also indicated that they had been in service for 30 years or more. This is an indication that the ministry is a calling for most ministers, and not just a job, and also that they had only one calling during their professional career.

Of the total number of respondents, 40% live in their own homes, while the remaining 60% live in the rectory of the church. In terms of retirement housing, almost 80% of respondents indicated that they already had housing or knew where they were going to live. A very important result indicated that only about 38% of respondents could say that they had saved enough for retirement. A more in-depth question about whether their financial provisions are sufficient yielded approximately the same result. However, the largest number indicated that they were uncertain about the statement. This is worrying, since all respondents will retire within the next five years and it is a question to which they should definitely have an answer. More than 60% of respondents also indicated that they will have to continue working after retirement and that they are uncertain about the statement. The reason for continuing to work is not that their profession is a calling and that they want to continue working, but because of financial reasons, consistent with the results of previous international studies.

About 30% of the respondents indicated that they had not started saving soon enough for retirement, while about a third indicated that they do not make use of a reliable financial planner. Both of these results indicate financial negligence or ineffective management of finances and can have serious financial consequences for an individual. The fact that such a low percentage of respondents indicated that they do not experience financial stress is surprising. Again, it could indicate that ministers are irrational labour market participants, as a large number of respondents have not saved enough for retirement, or are completely uncertain about it, but still do not experience financial stress. Nearly 80% also indicated that their level of debt is not a problem. The correlations indicated that starting early enough in using the services of a reliable financial adviser, low financial stress levels and low levels of debt, contribute to the respondents' sense that their retirement provision is sufficient. However, the linear regression indicated that the two most important factors for adequate financial retirement provision are a reliable financial planner, and starting to save early for retirement. This is a very important result, especially as it relates to ministers, as it seems that they need extra financial guidance as they think differently about money and could have a complex relationship with it.

Ministers residing in the rectory have reported very low levels of debt, while those living in their own homes indicated higher levels of financial retirement provision. Likewise, those who live in rectories were found not to have provided for future housing. It is as if there is a

specific group that need serious consideration. Those still living in rectories, who have not planned for housing after retirement, indicating that they have not saved enough for retirement, nevertheless still experience low financial stress despite these concerns.

Serious consideration must be given by the church to financial awareness and the possible education of ministers in essential financial issues. Although the calling to the ministry is not necessarily financially motivated, financial insight, awareness and possible training are urgently needed to ensure that ministers have enough manna for the seventh day.

Keywords: Dutch Reformed Church (DRC); finances; housing; ministers; retirement

1. Inleiding

> Pastorie: Ambtswoning van een pastoor of predikant, als regel eigendom van de betreffende parochie of gemeente. Vaak gaat het om een groot huis naast de kerk, in het hart van een dorp. ... Men spreekt wel van “wonen in een glazen huis”. ... In streekromans wordt vaak een romantisch beeld geschetst van het leven in de pastorie. (*Christelijke Encyclopedie* 2002)

Daar heers ’n wêreldwye aftredekrisis. Vir die grootste gedeelte van die menslike geskiedenis was bejaardes ’n baie klein gedeelte van die bevolking, maar met die veroudering van die sogenaamde *baby boomers* (gebore tussen die 1940’s en 1960’s), het die statistieke aansienlik verander (Jackson 2002:486). Mense is gesonder en leef langer en dit beteken dat meer voorsiening vir aftrede gemaak moet word (Mayhew, Smith en Wright 2017:204). Die krisis ontstaan deurdat die oorgrote meerderheid nie genoeg spaar vir hul aftrede nie en gevolglik van die staat afhanklik is. In die VSA is bevind dat in 2010 meer as die helfte van Amerikaners nie genoeg fondse vir aftrede beskikbaar het nie. Hierdie getal het vanaf die 1980’s na ongeveer 30% toegeneem (Benartzi en Thaler 2013:1152). In Europa word afgetredenes oor die algemeen deur die staat befonds, wat beteken dat die las op die Europese state al hoe swaarder raak (Hershey, Henkens en Van Dalen 2010:301).

In Suid-Afrika is die situasie egter meer somber. Suid-Afrikaners is al as die swakste spaarders in die wêreld beskryf (Grobler 2016:1). In 2010 was die huishoudelike spaarkoers in lande soos Sjina en Indië onderskeidelik 28% en 25%. In dieselfde jaar was Suid-Afrika se huishoudelike spaarkoers -0,8% (Ting en Kollamparambil 2015:675). In teenstelling met ryker Europese state verdien slegs die armste Suid-Afrikaners ’n staatspensioen, van ongeveer R1 690 per maand. Diegene wat ’n pensioen of uittree-annuïteit het, kwalifiseer nie vir die staatspensioen nie (Ambler 2016:6).

Die NG Kerk spring nie die aftredekrisis vry nie. Gedurende die 16de vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk (Agenda Algemene Sinode 2015:362) is daar kennis geneem van die groot aantal predikante wat binne die volgende paar jaar gaan emeriteer. Volgens die databasis van die Algemene Sinode word daar geraam dat ongeveer 57% van die altesaam 1 350 predikante in Suid-Afrika en Namibië ouer as 50 jaar is en binne die volgende 15 jaar gaan aftree. As gevolg van die kommer ten opsigte van die groot aantal predikante wat emeriteer en die invloed wat dit op die kerk in sy geheel kan hê, is daar versoek dat ondersoek ingestel moet word na die predikante wat binne die volgende vyf jaar gaan aftree

se belewenis van hul gemeentes, hul eie welstand asook hul persoonlike aftredefinansies (Agenda Algemene Sinode 2015:362).

Uit bestaande navorsing oor die aftrede van predikante is bevind dat sekere aspekte uniek aan die situasie van die predikant is. Afgesien van die algemene kommer ten opsigte van aftrede is daar faktore soos die moontlike verlies van identiteit en status, die skuif van die preekstoel na die kerkbank en die opvatting dat die bediening nie slegs 'n werk is nie, maar 'n roeping. Nog 'n belangrike aspek om in ag te neem, is dat predikante na aftrede dikwels uit die pastorie moet trek en na 'n kleiner eiendom moet afskaal (Knapp en Pruett 2016:39). Behalwe al die ander emosionele kwessies wat met aftrede gepaard gaan, kan die skuif uit 'n jare lange woning moeilik wees.

Behuising na aftrede vir predikante is 'n belangrike faktor wat lank voor aftrede reeds aandag moet geniet. Dit word algemeen aanvaar dat 'n afgetredene wat 'n huis besit, in 'n beter finansiële posisie is as 'n afgetredene wat eiendom moet huur of nog steeds 'n huislening moet afbetaal (Brady 2008:239). Die voordeel van gratis verblyf wat aan predikante verskaf word, word onder die soeklig geplaas. Die artikel word uit 'n finansiële oogpunt geskryf, met die fokus op die predikant se behuising en die invloed daarvan op sy aftredevooruitsigte. Die doel van die artikel is om ondersoek in te stel na die vraag of die verskaffing van gratis behuising (pastorie) 'n invloed het op die aftreebeplanning van die predikant. Die data is ingesamel deur middel van die verspreiding van kwantitatiewe vraelyste aan al die predikante in Suid-Afrika en Namibië wat binne die volgende vyf jaar gaan aftree. Literatuur in verband met die aftredekrisis word in meer besonderhede bespreek, sowel as spesifieke faktore wat by die aftrede van 'n predikant ter sprake is. Daarop volg die metodologie waarop die studie geskoei is en die resultate word bespreek. Die artikel word afgesluit met 'n bespreking van die resultate wat daarop dui dat die aftredekrisis ook op die predikante van die NG Kerk van toepassing is.

2. Die aftredekrisis

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die gemiddelde lewensverwagting in ontwikkelde lande van 45 jaar na 65 jaar toegeneem. Dit is tans tussen 75 jaar en 80 jaar (Jackson 2002:489). In Suid-Afrika is die gemiddelde lewensverwagting 50 jaar, maar as gevolg van die verskillende sosio-ekonomiese groeperings in Suid-Afrika kan dié ouderdom aansienlik tussen groepe verskil (Palmer en Krige 2013:154). Lewensverwagting is 'n belangrike aspek in terme van aftrede, aangesien dit 'n direkte invloed op aftreefondse het (Izekenova, Kumar, Abikulova en Izekenova 2015:252).

Die gedeelte van die bevolking waaroor dié studie handel, vorm deel van 'n baie spesifieke demografiese groep. Palmer en Krige (2013:163) het lewensverwagtingsaanpassings bereken, waar hulle faktore soos LSM-groepering, MIV, ras, gewig, oefening, familiesiektes, stres, dwelmmisbruik en dieet in ag geneem het. Een van die gevalle wat hul ondersoek het, was 'n fiktiewe gegradueerde wit man wat in die Wes-Kaap woonagtig is, binne die LSM 10-groepering val, private mediese dekking het en 'n beperkte geskiedenis van familiesiektes, soos prostaatkanker en hartprobleme, het. Die persoon is redelik gesond, oefen, rook nie en het beperkte spanningsvlakke. Dit is duidelik dat die meeste respondente (met sekere uitsonderings) in die studie binne hierdie groepering geplaas kan word. Die

lewensverwagting is van 50 jaar (vir die gemiddelde Suid-Afrikaner) tot 87 jaar aangepas. Die gemiddelde predikant wat binne die volgende paar jaar gaan aftree se gemiddelde lewensverwagting is dus ook ongeveer 87 jaar, wat beteken dat die gemiddelde aantal jare waarvoor aftredefondse benodig word, 22 is.

Die algemene aanvaarde ekonomiese model wat gebruik word vir aftredebeplanning is die lewensiklusraamwerk. Hierdie raamwerk is geskoei op die idee dat verbruikers deur hul werksjare sal spaar om hul verbruik tydens aftrede te befonds (Lusardi en Mitchell 2007:206). Om gedurende aftrede dieselfde lewenstandaard te handhaaf, is dit noodsaaklik om ’n pensioen van ongeveer 60% van die finale salaris te ontvang, indien eiendomskuld alreeds afbetaal is. Indien ’n huislening nie teen aftrede afbetaal is nie, behoort hierdie persentasie 75% tot 90% van die finale salaris te wees (Brady 2008:25). Finansiële beplanners in Suid-Afrika word opgelei om die behoefte na aftredefondse op ’n driekwart van die kliënt se huidige salaris te bereken. Dit is ook noodsaaklik om te verseker dat ’n kliënt so min as moontlik skuld na aftrede sal hê (Botha, Du Preez, Geach, Goodall, Palframan, Rabenowitz en Rossini 2017:144).

Volgens die Nasionale Tesourie (2014:1) kan slegs 6% van Suid-Afrikaners gemaklik aftree en dieselfde lewenstandaard as voor aftrede handhaaf. Behalwe ’n baie lae spaarkoers, speel skuld ’n beduidende rol in lae aftredebesparings. Die ideaal vir ’n suksesvolle aftrede is dat alle skuld teen aftrede vereffen moet wees. Dit is vir baie mense egter nie moontlik nie, en dit beïnvloed aftredebefondsing negatief (Old Mutual 2017).

In ’n studie deur Lusardi en Mitchell (2017:214) onder Amerikaanse *baby boomers* is bevind dat ongeveer 28% van die respondente aangedui het dat hulle glad nie aan hul aftrede dink nie. Die studie het bewys dat daar ’n direkte verband tussen die hoeveelheid aftreebeplanning en die huishouding se netto waarde heers. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat ’n onvermoë om vir aftrede te beplan gelykstaande aan onvoldoende aftredebesparings is.

3. Aftrede en die predikant

Die predikant bevind hom in ’n unieke beroep wat baie spesifieke eise aan die werknemer en sy gesin stel. Om in die bediening te wees het nie slegs ’n invloed op die predikant nie, maar ook op sy gesin (Hileman 2008:120). Vir baie predikante is hul beroep nie net ’n werk nie, maar ’n roeping. Daar word selfs genoem dat die vereistes wat aan predikante gestel word, in sekere gevalle baie meer ekstreem is as wat deur bestuurders in ander organisasies ervaar word (Van der Westhuizen en Koekemoer 2015:1).

Predikante ly met tye aan erge werksdruk, aangesien hul gereeld met die persoonlike probleme, siektes, lyding en dood van hul lidmate gekonfronteer word. Dit kan emosioneel veeleisend wees, wat nie noodwendig die geval met ander beroepe is nie (Muse, Love en Christensen 2016:149). Smith (2015:116) voer aan dat die predikant die rol van ’n hoof uitvoerende beampte van ’n gemeente vervul en dat hy ten tye van aftrede ’n belangrike status prysgee. Smith (2010:150) verwys in meer besonderhede na die moontlike verlies van identiteit wat ’n predikant kan beleef, en die besef dat hy nie onvervangbaar is nie.

Daar is verskeie studies wat op die aftrede van predikante fokus. Alhoewel van die studies nie baie onlangs uitgevoer is nie, word die onderliggende begrippe nog steeds as ter sake beskou, aangesien die roeping tot die bediening en die emosionele vereistes wat aan die predikant gestel word, nie noodwendig verander het nie. Spesifieke aspekte waarop daar klem gelê word, is:

- Die delikate balans tussen aftrede en om steeds in die Koninkryk betrokke te wees en te voel (Stotts 1999).
- Die effek wat aftrede op die emosionele, fisieke en geestelike gesondheid van die predikant kan hê (Halaas 2005).
- Die inkomste, gesondheid, familiekwessies en behuising van die predikant na aftrede (Glass 1995).

Die oorgrote meerderheid aftredestudies oor predikante het bevind dat predikante nie noodwendig wil aftree nie en eerder vir so lank as moontlik wil aanhou werk. In die Katolieke kerk is bevind dat priesters wat aftree-ouderdom bereik het, wel hul verantwoordelikhede kan afskaal, maar dat daar van hul verwag word om aan te hou dien in ’n verminderde hoedanigheid terwyl hul fisieke en/of verstandelike toestand dit toelaat. Aftrede word as ’n selfsugtige aksie gesien, aangesien die priester hom tot ’n lewe van bediening gewy het (Kane en Jacobs 2015). Ook ander kerkdenominasies se predikante het aangedui dat hul die behoefte het om na aftrede aan te hou werk. In die meeste gevalle was die motivering om aan te hou werk as gevolg van ’n tekort aan finansies en nie noodwendig omdat hul wou nie (Knapp, Pruett en Hicks 2009; Park en Smith-Bezjian 2009; Knapp en Pruett 2016).

Predikante kan in ekonomiese terme as irrasionele arbeidsmarkdeelnemers geag word. Die rede hiervoor is dat predikante as gevolg van hul roeping en geloof anders as mense in ander beroepe kan optree. Ander professionele mense mag meer in faktore soos werksvooruitsigte, salarisse en bevorderings geïnteresseerd wees, terwyl dit nie noodwendig die geval met ’n predikant wat geroepe voel, sal wees nie (McDuff en Mueller 2000:92). ’n Persoon in ’n beroep wat nie noodwendig as ’n “roeping” gesien word nie, sal makliker van een werk na ’n ander skuif vir beter werksomstandighede, meer geld of ’n bevordering. ’n Predikant wat geroepe voel, is nie noodwendig in die beroep om meer geld te maak of bevorder te word nie. Die beroepsbesluite wat hy dus sal neem, sal nie noodwendig dieselfde wees as dié van ’n rasionele arbeidsmarkdeelnemer nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die woord “irrasioneel” hier nie in die gewone sin van die woord gebruik word nie, maar eerder daarna verwys dat predikante dalk anders kan optree as mense in ander professies.

Die verhouding tussen predikante en geld kan kompleks wees. Die Bybel fokus grotendeels op die negatiewe aspekte van geld, soos: “Julle kan nie God en Mammon dien nie*”* (Lukas 16:13) of “die bedrieglike krag van rykdom” (Markus 4:19). Sulke negatiewe konnotasies in die Bybel kan daartoe lei dat predikante nie baie op geld fokus nie en dit kan gevolglik ’n impak op die ingesteldheid van die predikant en die bestuur van sy persoonlike finansies hê (Keehn 2016:4).

Een van die sake wat met betrekking tot die predikant en sy gesin geopper word, is die gratis behuising wat verskaf word. Dit is nie ongewoon om ’n pastorie reg langs die kerkgebou te hê nie. Daar is ’n nuwe neiging dat daar eerder huistoelae aan predikante betaal word sodat hulle hul eie wonings kan kies, maar in baie gevalle is die predikant en sy gesin in die

pastorie woonagtig, wat die afhanklikheid van die predikant van die gemeente verhoog en tot 'n gevoel van magteloosheid aanleiding kan gee (Hileman 2008:123).

Lusardi, Pruett en Hicks (2009) het 'n ondersoekende studie gedoen wat fokus op die behuising en finansiële aftredevoorbereiding van predikante. Die studie het bevind dat die oorgrote meerderheid van die respondente nie sal wil aftree nie, maar eerder deeltyds in die bediening sal wil aanhou werk. Alhoewel baie respondente aangedui het dat dié besluit geneem is omdat dit hul beroep en roeping is, is in die studie bewys dat 'n tekort aan finansies die hoofrede hiervoor is. 'n Beduidende resultaat van hierdie studie het bevind dat die respondent wat nie wil aftree nie, of deeltyds wil aanhou werk, baie meer afhanklik is van die behuising wat die kerk aan hul verskaf het. Die afleiding kan dus gemaak word dat daardie respondente in die studie wat finansieel kan en wil aftree, van hul eie behuising gebruik maak, alreeds 'n huis besit, of besig is om 'n huislening af te betaal (Lusardi, Pruett en Hicks 2009:169).

4. Navorsingsmetodologie

Gedurende 2015 is alle NGK-predikante in Suid-Afrika en Namibië wat tussen 2016 en 2020 aftree-ouderdom sal bereik, genader om as respondente van die studie op te tree. Die studie is oorspronklik in opdrag van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2014 geloods. Die opdrag is aan die Algemene Sinode Navorsingstaakspan van die Algemene Sinode gerig en ek was deel van die span wat die spesifieke navorsingsinstrument saamgestel het en die data versamel het. Die studie is dus op primêre navorsing geskoei. 'n Opsomming van die resultate is in die *Stellenbosch Teologiese Joernaal* gepubliseer (Alsemgeest, Schoeman en Swart 2016). Alhoewel die data al in 2015 ingesamel is, was die respondente almal vyf jaar vanaf aftrede en hul persepsies, insigte en omstandighede is deur die vraelys getoets. Die verwerking van die data in 2018 sal dus geen uitwerking hê op die data wat deur die respondente verskaf is nie.

Altesaam 309 predikante is geïdentifiseer en daar is besluit om die vraelys aan almal te stuur eerder as om 'n steekproef te neem, aangesien die populasie redelik beperk was, maklik bereikbaar was, en die resultate meer akkuraat sou wees. Al die respondente was binne vyf jaar van aftrede; almal was wit, Afrikaanssprekende mans en tussen die ouderdomme van 59 en 64 jaar oud. Die oorgrote meerderheid van die respondente (87,4%) het ook aangedui dat hul vir 30 jaar of langer in die bediening is. Dit is 'n aanduiding dat die bediening vir die meeste predikante 'n roeping is, en nie net 'n werk nie en ook dat hul slegs een roeping tydens hul professionele loopbaan gehad het.

Die data is verkry deur van 'n kwantitatiewe navorsingsontwerp in die vorm van 'n aanlyn vraelys gebruik te maak. 'n Elektroniese program (Evasys) is gebruik om die skakel na die vraelyste aan die respondente te e-pos. Die vraelys was deel van 'n groter studie wat gefokus het op die predikant en sy gemeente en aftrede. Die finansiële vrae in die vraelys is meestal op 'n Likert-skaal van 1 tot 5 getoets, waar 1 die opsie *Stem beslis nie saam nie* en 5 die opsie *Stem beslis saam* verteenwoordig het. Die drie opsies tussen 1 en 5 was *Stem nie saam nie*, *Onseker* en *Stem saam.* Die vrae wat spesifiek in hierdie artikel gebruik is, was die volgende:

- Ek woon tans in my eie huis
- Ek woon tans in die gemeentepastorie
- Ek het reeds huisvesting vir na my aftrede
- Ek sal na my aftrede moet aanhou werk om te oorleef
- Ek het finansieel genoeg voorsiening gemaak vir na my aftrede
- My finansiële voorsiening vir my aftrede is voldoende
- Ek het vroeg genoeg begin spaar vir aftrede
- Ek het 'n betroubare finansiële adviseur wat my bystaan met my aftredebeplanning
- Ek ervaar nie finansiële stres nie
- My vlak van skuld is nie 'n probleem nie.

Altesaam 147 vraelyste is terugontvang, wat beteken het dat die responskoers ongeveer 48% was.

Die vraelys se betroubaarheid is getoets deur gebruik te maak van interne konsekwentheid, en die Cronbach Alpha-toets het aangedui dat die resultaat 0,816 was. Volgens George en Mallery (2003:232) dui hierdie syfer op goeie betroubaarheid in die vraelys. Die vraelys se geldigheid is getoets deur gebruik te maak van konstrukgeldigheid en die Kaiser-Meyer-Olken- (KMO-) en Bartlett-toets se resultate het aangedui dat die KMO vir alle lynitems hoog was (0,896) en die Bartlett-toets 'n statisties beduidende resultaat van 0,000 getoon het. Beide resultate het dus aangedui dat geldigheid van die vraelys hoog was.

5. Resultate

Die responsopsies vir die eerste stel vrae was slegs *Ja* of *Nee*. Die respondente moes aandui wat hul huidige behuisingsituasie is. Die resultate het aangedui dat 41,4% van die respondente in hul eie huis woonagtig is, terwyl 58,6% in die gemeentepastorie woon.

Met die volgende stel vrae moes die respondente *Ja* of *Nee* antwoord, waarby 'n addisionele opsie, *Onseker*, verskaf is.

Tabel 1. Aftrede huisvesting en finansies

	Ja %	Onseker %	Nee %
Ek het reeds huisvesting vir na my aftrede	78,9	1,4	19,7
Ek het finansieel genoeg voorsiening gemaak vir na my aftrede	37,3	45,9	16,4
Ek sal na my aftrede moet aanhou werk om te oorleef	22,8	38,6	38,6

Die grootste aantal respondente is reeds seker oor waar hul na aftrede gaan woon; ongeveer 20% het egter nog geen huisvesting na aftrede nie. Met betrekking tot die vraag of die respondente voldoende voorsiening vir aftrede gemaak het, lyk die prentjie baie anders. Meer as 'n derde van die respondente het aangedui dat hul wel genoeg gespaar het vir aftrede, maar meer as 16% het aangedui dat hul definitief nie voldoende voorsiening gemaak het nie. Die grootste persentasie van die respondente was egter onseker oor hierdie stelling. Meer as 20% van die respondente het ook aangedui dat hul na aftrede sal moet aanhou werk, as gevolg van

die feit dat hul nie genoeg aftredefondse het nie. Weer eens was ’n groot aantal respondente onseker oor hierdie stelling.

Soos reeds bespreek, het die derde stel vrae behels dat die respondente dit op ’n Likert-skaal voltooi. Die resultate word in tabel 2 weergegee en verskaf die persentasie respondente wat elke opsie gekies het. Die laaste tabel verskaf ook die gemiddeld van elke vraag. Hoe nader die gemiddeld aan 5 is, hoe meer het die respondente met die stelling saamgestem.

Tabel 2. Algemene aftredevrae

	Stem beslis nie saam nie	**Stem nie saam nie**	**Onseker**	**Stem saam**	**Stem beslis saam**	**Gemid.**
My finansiële voorsiening vir my aftrede is voldoende	9,0	12,4	41,1	21,4	15,9	3,23
Ek het vroeg genoeg begin spaar vir aftrede	14,6	15,3	18,8	32,6	18,8	3,26
Ek het ’n betroubare finansiële adviseur wat my bystaan met my aftredebeplanning	10,3	11,0	11,6	39,0	28,1	3,64
Ek ervaar nie finansiële stres nie	5,5	9,7	13,1	24,1	47,6	4,01
My vlak van skuld is nie ’n probleem nie	2,1	8,9	11,6	41,1	36,3	4,03

Om ’n meer volledige beeld van die respondente se finansies en aftredesituasies te vorm, is die meeste stellings op ’n Likert-skaal van 5 geplaas. Respondente moes meer besonderhede verskaf in terme van of hul finansiële voorsiening vir aftrede voldoende is en die gemiddeld vir die stelling was naby aan 3. Die grootste persentasie (soos met tabel 1) het aangedui dat hul onseker oor die stelling is, terwyl meer as 20% aangedui het dat hul nie met die stelling saamstem nie (nie genoeg voorsiening gemaak het nie).

Respondente moes ook aandui of hul voel dat hul vroeg genoeg begin spaar het vir aftrede en die resultaat was ook redelik in die middel. Ongeveer 30% het aangedui dat hul nie vroeg genoeg begin spaar het nie.

Aangesien aftreebeplanning redelik komplekse berekeninge behels wat deur professionele finansiële beplanners uitgevoer moet word, is die respondente gevra of hul van ’n betroubare finansiële beplanner gebruik maak om hul by te staan. Die oorgrote meerderheid het aangedui dat hul wel van ’n finansiële beplanner gebruik maak, maar sowat 33% het aangedui dat hul nie ’n betroubare finansiële beplanner raadpleeg nie of dat hul onseker oor die stelling is. Of die respondente finansiële stres ervaar, is ook getoets en die antwoord was redelik positief. Altesaam 71,7% het aangedui dat hul nie finansiële stres ervaar nie. Amper dieselfde resultaat is ook gevind by die stelling oor of hul vlak van skuld ’n probleem is of nie. Amper 78% het aangedui dat dit nie ’n probleem is nie.

Die onderlinge korrelasie tussen die vyf stellings in tabel 2 is ook getoets en die stellings met statistiese betekenisvolheid word in tabel 3 getoon.

Tabel 3. Korrelasie en statistiese betekenisvolheid

My finansiële voorsiening vir my aftrede is voldoende	**Korrelasie**	**Betekenis**
Ek het vroeg genoeg begin spaar vir aftrede	0,440**	0,000
Ek het ’n betroubare finansiële adviseur wat my bystaan met my aftredebeplanning	0,325**	0,000
Ek ervaar nie finansiële stres nie	0,284**	0,001
My vlak van skuld is nie ’n probleem nie	0,324**	0,000
Ek het vroeg genoeg begin spaar vir aftrede	**Korrelasie**	**Betekenis**
Ek het ’n betroubare finansiële beplanner wat my bystaan met my aftredebeplanning	0,304**	0,000
My vlak van skuld is nie ’n probleem nie	**Korrelasie**	**Betekenis**
Ek het vroeg genoeg begin spaar vir aftrede	0,271**	0,001
Ek ervaar nie finansiële stres nie	0,515**	0,000

** Korrelasie is betekenisvol by die 0,01-vlak (2-kantig).

Dit blyk dat die stellings wat positief met voldoende finansiële voorsiening vir aftrede korreleer, is dat die respondente vroeg genoeg begin spaar het, of hul van ’n betroubare finansiële beplanner gebruik maak en hul finansiële stres laag is en hul skuld nie ’n probleem is nie. Die stelling wat handel oor of hul vroeg genoeg begin spaar het, was positief gekorreleerd met die stelling of hul ’n betroubare finansiële adviseur se dienste gebruik en of hul skuldvlak ’n probleem is of nie, asook of hul finansiële voorsiening vir aftrede voldoende is. Die stellings wat korreleer met of hul finansiële stres ervaar, is of die voorsiening vir aftrede voldoende is en of hul vlak van skuld ’n probleem is.

Liniêre regressie is gebruik om te bepaal of hierdie veranderlikes gebruik kan word om ’n uitkoms te voorspel en *My finansiële voorsiening vir my aftrede is voldoende* is as die afhanklike veranderlike gebruik. Die statisties betekenisvolle veranderlikes van die regressie word in tabel 4 uitgebeeld:

Tabel 4. Liniêre regressie tussen voldoende finansiële voorsiening en algemene aftredestellings

Voldoende finansiële voorsiening vir aftrede	**Betakoëffisiënt**	**Betekenis**
Ek het ’n betroubare finansiële adviseur wat my bystaan met my aftredebeplanning	0,204	0,009
Ek het vroeg genoeg begin spaar vir aftrede	0,321	0,000

Die regressieresultate bevestig dat indien daar van die dienste van ’n betroubare finansiële adviseur gebruik gemaak is, en vroeg genoeg begin spaar is vir aftrede, die respondent daarvan verseker is dat hy genoeg voorsiening vir aftrede gemaak het.

Laastens is die liniêre regressie ook spesifiek ten opsigte van die behuisingsituasie waarin die respondent hom tans bevind, in die toekoms gaan bevind, en die ander algemene aftredeveranderlikes, getoets.

Tabel 5. Liniêre regressie tussen die huidige en toekomstige behuisingsituasie en die algemene aftredestellings

Ek woon tans in die gemeentepastorie	**Betakoëffisiënt**	**Betekenis**
Ek ervaar nie finansiële stres nie	0,090	0,004
Ek woon tans in my eie huis	**Betakoëffisiënt**	**Betekenis**
My finansiële voorsiening vir my aftrede is voldoende	0,073	0,020
Ek het reeds huisvesting vir na my aftrede	**Betakoëffisiënt**	**Betekenis**
My finansiële voorsiening vir my aftrede is voldoende	0,322	0,000
Ek woon tans in die gemeentepastorie	-0,234	0,005

Die resultate in tabel 5 dui aan dat indien finansiële stres ervaar word, dit verband hou met of die predikant in die gemeentepastorie woonagtig is, al dan nie. Respondente wat in die pastorie woonagtig is, ervaar minder finansiële stres. Aan die ander kant is daar ’n direkte verhouding tussen of finansiële voorsiening vir aftrede voldoende is en of die respondent in sy eie huis woonagtig is. Die persoon wat in sy eie huis woon, voel ook dat sy finansiële voorsiening voldoende is.

In terme van toekomstige behuising na aftrede blyk dit dat indien ’n persoon voel dat hy voldoende voorsiening vir aftrede gemaak het, hy ook reeds huisvesting vir na aftrede sal hê. Die laaste resultaat toon egter dat die kanse goed is dat indien ’n predikant in ’n pastorie woonagtig is, hy nie reeds vir huisvesting na aftrede beplan het nie.

Die verskille tussen die respondente wat in die pastorie woon en dié wat in hul eie huise woon, is getoets deur al die stellings met die huidige behuisingsituasie te toets en te vergelyk. Slegs die statisties betekenisvolle resultate word in tabel 6 weergegee.

Tabel 6. Korrelasie en statistiese betekenisvolheid tussen pastorierespondente en dié wat in hul eie huise woon

Stelling	**Pastorie**		**Eie huis**	
	Korrelasie	**Betekenis**	**Korrelasie**	**Betekenis**
Ek het reeds huisvesting vir na my aftrede	-0,210*	0,014	0,248**	0,003
Ek ervaar nie finansiële stress nie	0,244**	0,004	-0,129	0,127
My vlak van skuld is nie ’n probleem nie	0,314	0,000	-0,270**	0,000

* Korrelasie is betekenisvol by die 0,05-vlak (2-kantig).
** Korrelasie is betekenisvol by die 0,01-vlak (2-kantig).

Die enigste drie stellings wat met die huidige behuisingsituasie van die respondente korreleer, is of hul alreeds huisvesting vir na aftrede het, of hul finansiële stres ervaar en of hul skuldvlak ’n probleem is. Die gevolg is dat respondente wat in ’n pastorie woonagtig is, negatief met huisvesting vir na aftrede korreleer, terwyl dit positief vir dié wat alreeds in hul

eie wonings woon, korreleer. Dit blyk ook dat die pastoriebewoners aandui dat hul nie finansiële stres ervaar nie. Ongelukkig was hierdie stelling nie statisties betekenisvol vir dié wat in hul eie huise woon nie. Laastens is bevind dat pastoriebewoners aangedui het dat hul skuld nie ’n probleem is nie, maar dat dit wel ’n probleem is vir dié wat in hul eie huise woon. Dit is te verstane, aangesien ’n huislening ’n baie groot gedeelte van besteebare inkomste kan uitmaak.

6. Bespreking

Van die totale respondente bly 40% in hul eie wonings, terwyl die oorblywende 60% in die gemeentepastorie woonagtig is. Wat huisvesting na aftrede betref, het bykans 80% van die respondente aangedui dat hul alreeds huisvesting het. ’n Baie belangrike resultaat het daarop gedui dat slegs ongeveer 38% van die respondente met sekerheid kon sê dat hul genoeg vir aftrede gespaar het. ’n Meer diepgaande vraag oor of hul finansiële voorsiening voldoende is, het ongeveer dieselfde resultaat gelewer. Die grootste getal het egter aangedui dat hul onseker is oor die stelling. Dit is kommerwekkend, aangesien al die respondente binne die volgende vyf jaar gaan aftree en dit ’n vraag is wat hul definitief ’n antwoord voor moet hê. Dié resultate impliseer dat die navorsing deur McDuff en Mueller (2000) en Keehn (2016) met hierdie studie ooreenstem, aangesien predikante irrasionele arbeidsmarkdeelnemers is en nie noodwendig genoeg aandag aan hul finansies gee nie. Meer as 60% van die respondente het ook aangedui dat hul definitief na aftrede sal moet aanhou werk of dat hul onseker is oor die stelling. Die rede om aan te hou werk is nie dat hul beroep ’n roeping is en hul wil aanhou werk nie, maar het te doen met finansiële oorwegings, wat ooreenstem met die resultate van Lusardi, Pruett en Hicks (2009).

Ongeveer 30% van die respondente het aangedui dat hul nie vroeg genoeg vir aftrede begin spaar het nie, terwyl ongeveer ’n derde aangedui het dat hul nie van ’n betroubare finansiële beplanner gebruik maak nie. Beide resultate dui op finansiële nalatigheid of die oneffektiewe bestuur van finansies en kan ernstige finansiële gevolge vir ’n individu inhou. Die feit dat so ’n lae persentasie van die respondente aangedui het dat hul nie finansiële stres ervaar nie, is verbasend. Weer eens kan dit aandui dat predikante irrasionele arbeidsmarkdeelnemers is, aangesien ’n groot persentasie respondente nie genoeg vir aftrede gespaar het nie, of heeltemal onseker daaroor is, maar nog steeds nie finansiële stres ervaar nie. Bykans 80% het ook aangedui dat hul vlak van skuld nie ’n probleem is nie.

Die korrelasies het aangedui dat om vroeg genoeg te begin spaar, om die dienste van ’n betroubare finansiële adviseur te gebruik, en lae finansiële stresvlakke en lae vlakke van skuld, bydra tot die gevoel dat hul voorsiening vir aftrede voldoende is. Die liniêre regressie het egter aangedui dat die twee noodsaaklikste faktore vir voldoende finansiële voorsiening vir aftrede ’n betroubare finansiële beplanner, en om vroeg genoeg te begin spaar vir aftrede, is. Dit is ’n baie belangrike resultaat veral met betrekking tot predikante, aangesien dit blyk dat hul ekstra leiding ten opsigte van finansies benodig, aangesien hul anders oor geld dink en ’n komplekse verhouding daarmee kan hê.

Die laaste resultate het spesifiek gefokus op die huidige en toekomstige behuisingsituasie van die predikant met die algemene aftredeveranderlikes en dit is bewys dat finansiële stres laag is vir die respondente wat in die gemeentepastorie woon. Hierdie resultaat is ook gestaaf deur

'n korrelasie tussen die huidige behuisingsituasie en finansiële stres op die proef te stel. Die rede hiervoor kan wees dat die pastoriebewoners nie soveel uitgawes soos predikante met hul eie huise het nie en spesifiek ook nie die maandelikse huislening wat betaal moet word nie. Wat kommerwekkend is, is dat dié wat in die pastorie woonagtig is, nie noodwendig bekommerd oor hul finansies is nie en ook nog nie vir behuising na aftrede beplan het nie. Aan die ander kant het dié predikante wat in hul eie huis woon aangedui dat hul finansiële aftredevoorsiening voldoende is. Indien voorsiening vir aftrede voldoende is, is daar alreeds huisvesting vir na aftrede. Aangesien daar geen statisties betekenisvolle korrelasie tussen voldoende voorsiening vir aftrede en die huidige behuisingsituasie was nie, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die pastorie nie noodwendig die deurslaggewende faktor is nie. Die beskikbaarheid van die pastorie as 'n woning kan daartoe lei dat 'n predikant dalk nie so vroeg aandag gee aan die afbetaal van 'n huis nie, maar dit blyk nie die enigste veranderlike te wees nie. Die grootste bydraende faktor is die houding van die predikant teenoor geld en hoe hy sy geld bestuur, nie noodwendig waar hy woon nie.

7. Opsomming

Baby boomers is besig om af te tree en dit is ook die geval onder die predikantekorps van die NG Kerk in Suid-Afrika. Hierdie aftredekrisis heers nie slegs as gevolg van die groot getalle mense wat die arbeidsmark moet verlaat nie, maar ook omdat baie nie genoeg fondse vir aftrede beskikbaar het nie. Wat dinge ook kompliseer, is die feit dat mense langer lewe en dat daar nie genoeg voorsiening gemaak is nie. Meer voorsiening moet dus gemaak word, aangesien aftrede langer aanhou as in die verlede.

Benewens die unieke faktore wat 'n predikant in sy roeping en beroep raak, verskil aftrede ook van dié van ander beroepe. Een van die buitengewone voordele (of is dit?) wat 'n predikant geniet, is om in die gemeentepastorie te kan woon. Die doel van hierdie artikel was om ondersoek in te stel na of die verskaffing van gratis behuising (pastorie) 'n invloed het op die aftredebeplanning van die predikant.

Die resultate het getoon dat 60% van die respondente steeds in die gemeentepastorie woonagtig is en dat 80% alreeds vir behuising na aftrede voorsiening gemaak het. Slegs 38% van die respondente kon aandui dat hul seker is dat hul genoeg vir aftrede gespaar het, terwyl ongeveer 30% aangedui het dat hul nie vroeg genoeg begin spaar het vir aftrede nie en ook nie van 'n betroubare finansiële beplanner gebruik maak nie. Ten spyte hiervan het die respondente baie lae vlakke van finansiële stres gerapporteer. Hierdie resultaat bevestig die resultate van internasionale studies wat aandui dat predikante nie genoeg aandag aan hul persoonlike finansies gee nie, 'n komplekse verhouding met geld het, en anders as ander arbeidsmarkdeelnemers kan optree. Daar is bewys dat twee van die voorvereistes vir voldoende finansiële voorsiening vir aftrede is om vroeg genoeg te begin spaar en ook van die dienste van 'n finansiële beplanner gebruik te maak. Laastens is ook bevind dat predikante wat in die gemeentepastorie woon, baie lae vlakke van skuld rapporteer, terwyl dié wat in hul eie wonings woonagtig is, weer hoër vlakke van finansiële aftredevoorsiening rapporteer. Eweneens is bevind dat dié wat in die pastorie woon, nie vir toekomstige behuising voorsiening maak soos dié wat in hul eie wonings bly nie. Dit is asof daar een spesifieke groep is waaraan ernstige oorweging geskenk moet word, naamlik die groep wat steeds in die pastorie woon, nog nie beplan het vir behuising na aftrede nie, aangedui het dat

hul nie genoeg gespaar het vir aftrede nie en ten spyte van die bekommernisse steeds lae finansiële stres ervaar. Die wete dat God sal voorsien kan ’n rol hierin speel, maar is Eksodus 16:16–27 nie ’n toepaslike opdrag van God af nie? Die Here het aan die Israeliete opdrag gegee om vir ses dae manna bymekaar te maak sodat hul genoeg vir die sewende dag kon hê. Dié wat op die sewende dag gaan manna soek het, kon niks kry nie en het honger gely.

Ernstige oorweging moet deur die kerk aan die finansiële bewusmaking en moontlike opleiding van predikante in noodsaaklike finansiële onderwerpe geskenk word. Alhoewel die roeping na die bediening nie noodwendig finansieel ingestel is nie, is finansiële insig, bewusmaking en moontlike opleiding dringend nodig om te verseker dat predikante genoeg manna vir die sewende dag het.

Bibliografie

Agenda Algemene Sinode. 2015. Agenda vir die 16de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/Agenda-Algemene-Sinode-2015.pdf (12 April 2016 geraadpleeg).

Alsemgeest, L., K. Schoeman en T. Swart. 2016. Nabye aftrede: Predikante se belewing van hul gemeente, persoonlike welstand en finansies. *Stellenbosch Theologiese Joernaal*, 2(2):93–110.

Ambler, K. 2016. Bargaining with Grandma: The impact of the South African pension on household decision-making. *Journal of Human Resources*, 51(4):900–32.

Benanti, S. en R.H. Thaler. 2013. Behavioral economics and the retirement savings crisis. *Science*, 339(6124):1152–3.

Botha, M., L. du Preez, W. Geach, B. Goodall, J. Palframan, L. Rossini en P. Rabenowitz. 2017. *Fundamentals of Financial Planning 2017*. Kaapstad: Lexis Nexus.

Brady, P. 2010. Measuring retirement resource adequacy. *Journal of Pension Economics and Finance*, 9(2):235–62.

Christelijke Encyclopedie. 2002. Pastorie. Protestant.nu. http://www.protestant.nu/Encyclopedie/tabid/359/Page/Pastorie/Default.aspx (1 Maart 2018 geraadpleeg).

George, D. en P. Mallery. 2003. *SPSS for Windows step by step: A simple guide and reference*. 4de uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.

Glass, J. C. 1995. Retirement planning for clergy: Need and content. *Journal of Religious Gerontology*, 9(2):15–33.

Grobler, R. 2016. The poor state of savings in SA. Investec. https://archive.investec.co.za/research-and-insights/business-class/edition2/entrepreneurial-spirit/The-poor-state-of-savings-in-SA.html (12 January 2016 geraadpleeg).

Halaas, G.W. 2005. *Clergy, retirement, and wholeness*. Herndon, Virginia: The Alban Institute.

Hershey, D. A., K. Henkens en H.P. van Dalen. 2010. What drives retirement income worries in Europe? A multilevel analysis. *European Journal of Ageing*, 7(4):301–11.

Hileman, L. 2008. The unique needs of Protestant clergy families: implications for marriage and family counselling. *Journal of Spirituality in Mental Health*, 10(2):119–44.

Izekenova, A.K., A.B. Kumar, A.K. Abikulova en A.K. Izekenova. 2015. Trends in ageing of the population and the life expectancy after retirement: a comparative country-based analysis. *Journal of Research in Medical Sciences*, 20(3):250–2.

Jackson, R. 2002. The global retirement crisis. *The Geneva Papers on Risk and Insurance-Issues and Practice*, 27(4):486–511.

Kane, M.N. en R. Jacobs. 2015. "My bishop told his priests that section 8 housing was an option": Catholic priests, aging, and retirement in the United States. *Journal of Religion and Spirituality in Social Work: Social Thought*, 34:235–51.

Keehn, D. 2016. A call for financial training to help ministry students manage personal finances. *Christian Education Journal*, 13(2):6. https://www.aymeducators.org/wp-content/uploads/Dave-Keehns-Paper-for-AYME-Training-Students-to-Manage-their-Finances.pdf (9 April 2017 geraadpleeg).

Knapp, J.L. en C.D. Pruett. 2016. Retirement among members of the clergy: Findings from a Protestant fellowship. *Journal of Religion, Spirituality & Aging*, 29(1):33–46.

Knapp, J.L., C.D. Pruett en J.L. Hicks. 2009. Clergy and retirement: An exploratory study on housing and financial preparedness. *Journal of Religion, Spirituality & Aging*, 21(3):159–71.

Lusardi, A. en O.S. Mitchell. 2007. Baby boomer retirement security: The roles of planning, financial literacy, and housing wealth. *Journal of Monetary Economics*, 54(1):205–24.

Mayhew, L., D. Smith en D. Wright. 2017. The effect of longevity drift and investment volatility on income sufficiency in retirement. *Insurance: Mathematics and Economics*, 78:201–11.

McDuff, E. en C.W. Mueller. 2000. The ministry as an occupational labor market: Intentions to leave an employer (church) versus intentions to leave a profession (ministry). *Work and Occupations*, 27(1):89–116.

Muse, S., M. Love en K. Christensen. 2016. Intensive outpatient therapy for clergy burnout: how much difference can a week make? *Journal of religion and health*, 55(1):147–58.

Nasionale Tesourie. 2014. Persverklaring: Statement on the impact of the proposed retirement reforms. http://www.treasury.gov.za/comm_media/press/2014/2014070901%20-%20Statement%20on%20the%20Impact%20of%20the%20Proposed%20Retirement%20Reforms.pdf (21 June 2015 geraadpleeg).

Old Mutual. 2017. 2017 Old Mutual Retirement Monitor reveals decline in preservation. https://www.oldmutual.co.za/media-centre/newsdetail/2017/03/08/2017-old-mutual-retirement-monitor-reveals-decline-in-preservation (14 April 2017 geraadpleeg).

Palmer, D. en N. Krige. 2013. Real age-adjusted life expectancy. *Journal of Economic and Financial Sciences*, 6(1):153–66.

Park, G.D. en I. Smith-Bezjian. 2009. Pastors' retirement crisis beyond the shrinking of social security. *Journal of Religion, Spirituality & Aging*, 21(3):172-81.

Smith, M. 2015. Lewensbegeleiding tot hoopvolle aftrede: ’n pastorale studie. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

Smith, S.S. 2010. Complexities of pastoral change and transition in the megachurches of the Baptist general conference, evangelical Lutheran church in America, and Presbyterian church (USA). PhD-verhandeling, Luther Seminary, Minnesota.

Stotts, J. 1999. Retirement and the call to ministry: What is our calling when we no longer have a call? *Windows*, Winter, ble. 7–14.

Ting, L. en U. Kollamparambil. 2015. Nature and determinants of household retirement savings behaviour in South Africa. *Development Southern Africa*, 32(6):675–96.

Van der Westhuizen, A. en E. Koekemoer. 2015. Work-nonwork interference: Can ministers currently cope with increasing job demands against limited resources within South Africa? *HTS Theological Studies*, 71(2):1-11.

Eindnota

[1] Die skrywer gee hiermee erkenning aan Kobus Schoeman (Universiteit van die Vrystaat, Fakulteit Teologie) en Theo Swart (Universiteit van die Vrystaat, Fakulteit Teologie) vir hul bydrae tot die algehele projek en waarvan hierdie artikel ’n klein gedeelte vorm.